# 20 September 2023 - Lesing 131 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Toevlug tot JaHshua

**NO: 7572** Neem al julle sorge na JaHshua wat vir alles begrip het omdat Hy as mens oor die aarde gegaan het.

**En Hy sal julle troos**. Hy sal julle raad en hulp gee, soos wat Hy as mens Sy medemens gehelp het wat in gelowige vertroue na Hom gekom het en Sy hulp verlang het. Want daar bestaan niks wat vir Hom onmoontlik is nie. Daar is geen sorge wat Hy nie kan oplos nie. Daar is geen onheil wat Hy nie van julle kan afwend nie, as julle maar op Hom sal vertrou.

**<u>Want JaHshua is God</u>. Hy is julle Vader van ewigheid wat in die omhulsel van die mens JaHshua oor die aarde gegaan het en Wie alle mag het, Wie in Liefde en Wysheid op die aarde werk soos in die geestelike ryk.**

En wanneer julle na JaHshua roep, dan roep julle na God, die Skepper en Bewaarder van ewigheid. Julle roep Hom aan wat julle eens nie wou erken nie en deur hierdie innige roep sal julle terugkeer na Hom van wie julle eens geskei het. Gaan met al julle bekommernisse na JaHshua en julle sal al op die terugweg na God wees.

Hy het die verlossingswerk op hierdie aarde volbring om julle groot sondeskuld van julle afval van weleer tot niet te maak. En Hy het die werk volbring in die mens JaHshua. **Hy het vir Homself die liggaamlike omhulsel tot woonplek gekies**, omdat 'n mens moes ly en sterf aan die kruis, sodat die mensdom kennis kon neem van hierdie grootste werk van erbarming wat nog ooit op aarde volbring is.

**En in hierdie mens JaHshua wandel God dus self op die aarde, want God, as die ewige Liefde, het JaHshua heeltemal vervul**.

Die Liefde het die verskriklike lydensweg gegaan wat geëindig het met die dood aan die kruis. En met hierdie kruisdood koop JaHshua die reg om die deur Hom verworwe barmhartigheid aan die mense te laat toekom, sodat hulle kon vry word van hul heer wat hulle in slawerny gevange gehou het, totdat daar 'n Verlosser sou kom om die gevangenes te verlos.

**Hy betaal met Sy bloed die skuld** van die teenstander van God en die mense wat die verlossingswerk van JaHshua erken en aan die genade deelagtig wil word, kon nou van hom vry word.

**Dan erken julle ook God self in die Goddelike Verlosser JaHshua Christus**. En hierdie erkenning moet eers vooraf gebeur, omdat julle jul dan van die vroeëre sonde van die afval van God distansieer, omdat julle nou willens en wetens weer teruggekeer na God en julle nou weer Sy Liefde en Erbarming aanneem, wat julle eens afgewys het, waardeur julle in die diepte gestort het.

Julle sal moet probeer om geen enkele sorg self af te handel nie. Julle sal na JaHshua toe moet gaan. Julle sal met alle versoeke na Hom moet gaan, **omdat julle julself dan met die Vader verbind, wat in JaHshua Sy intrek geneem het om julle van julle skuld te bevry**.

En julle erken Hom dus deur julle roep, wat die sin en die doel is van julle aardse bestaan, naamlik om die terugkeer na God te voltrek, van wie julle jul eens vrywillig geskei het.

Gaan julle weg nooit alleen oor die aarde nie. **Soek altyd aansluiting met JaHshua.** Kies Hom as julle begeleier op julle weë, as julle gids, julle raadgewer en beskermer.

Bly met Hom verbonde in elke aardse en geestelike nood en julle sal dan ook waarlik reg gelei word. Julle sal Sy beskerming geniet. Julle sal julle sorge kwytraak, want JaHshua het as mens oor die aarde gegaan en Hy ken waarlik alle nood wat 'n mens op aarde het om te verduur.

Maar Hy is ook altyd tot hulp bereid, omdat die Liefde Hom vervul, **omdat Hy self die ewige Liefde is**, omdat Hy en die Vader een is en Sy eindelose liefde steeds uitgaan na julle, Sy skepsels.

**Want uit Sy Liefde het julle voortgekom en na Hom moet julle ook weer terugkeer**. En daarom sal Hy julle volg met Sy Liefde. Hy sal alles vir julle doen wat julle Hom gelowig vra, om julle vir ewig weer terug te wen. Amein.

Jesaja 9:6

Want 'n Kind is vir ons gebore, **'n Seun is aan ons gegee;** en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Magtige El, **Ewige Vader**, Vredevors - [Psalm 122:7; JeshaJaH 63:16]